# „KOERS" OP PAD

DIT is 'n gevestigde tradisie van KOERS dat daar geen redaksionele skrywes aan die lesers gerig word nie, behalwe met die verskyning van dié nommers wat 'n besondere mylpaal aandui. Hierdie keer is die mylpaal die betrekking van 'n besondere vennoot. Die lesers mag dit van meet af aan gerus weet dat die *pad* nog dieselfde is as dié van 1933 met die verskyning van die eerste uitgawe, en soos telkens later herbevestig: die grondslag is die Heilige Skrif, en die doel is om die beginsels van God se Woord volgens die interpretasie van die Calvinisme te propageer op die verskillende lewensterreine.

Hierdie pad wil die nuwe, jong redaksie ook loop, soos almal voor hom dieselfde pad ook geloop het. Met idealisme en geloof.

Maar miskien tog met 'n ligter tred, omdat sy laste wat finansiering en administrasie betref, nou ligter is. Die ruimhartige aanbod van die Rektor van die PU vir CHO om vennoot van KOERS te word en om slegs te gee en niks te neem nie, mag ons dankbaar aanvaar as 'n sigbare manifestasie van die feit dat die grondslag, die doel en die idealisme van die PU vir CHO dieselfde is as dié van KOERS. So was dit nog altyd. Dat die vennoot wat finansieel en administratief sterker bemiddeld is, die swakkere nou so ruim tegemoetkom, maak die weg oop om elk met sy eie wapens die strydperk opnuut en veerkragtig binne te gaan. Hierdie uitdaging wil die nuwe redaksie van KOERS blymoedig aanvaar.

Die nuwe vennootskap by hierdie mylpaal het nog 'n verandering meegebring. KOERS word nou nie meer beheer deur 'n vereniging soos voorheen nie, maar die beheer het nou oorgegaan in die hande van die personeel van die PU vir CHO — „die wat die nodige belangstelling toon". Die redaksie stel hom dus ook vir publikasie-geleentheid tot die beskikking van die personeel. Die reserwe bly natuurlik die grondslag en doel van die tydskrif. Die natuurlike eenheid tussen die grondslag en doel van die Universiteit en van KOERS is na verwagting egter alreeds waarborg vir die ontvanklikheid van bydraes deur die personeel binne hierdie reserwe. Die ontvangs van deeglike wetenskaplike artikels in 'n vorm en taal wat vir nie-vakgenote en enige intelligente leser verstaanbaar is, word deur die

redaksie ingewag.

Ten slotte is die beplande internasionale uitgawes van KOERS ook in lyn met die jongste beleid van die Universiteit om die Christelike Wetenskap ook op internasionale vlak te bevorder en om kontak met geesgenootlike akademiese inrigtings oor die hele wêreld te bewerkstellig. Die onlangse besoek van prof H G Stoker aan Noord-Amerika het onder meer ook ingesluit dat hy as gasdosent van die PU vir CHO by verskillende Christelike inrigtings vir hoër onderwys opgetree het. Die betrokke inrigtings in Noord-Amerika is almal veel kleiner as ons Universiteit, en dit is ter wille van die Christelike Wetenskap niks minder nie as ons taak om 'n helpende hand na hulle uit te steek.

So is KOERS dan weer op pad. 'n Ere-saluut aan die Gideonsbende wat veertig jaar terug begin bou het. 'n Ere-saluut aan elke vorige redaksie èn redakteur wat inspanning, kragte en tyd geoffer het. 'n Ere-saluut aan ons Universiteit wat ter wille van die lig van Gods Woord op elke lewensterrein 'n helpende hand gereik het.

En mag die koers van KOERS diensbaar wees aan die Koninkryk van God met sy ryke verskeidenheid.

E J Smit